

# DIE STEM VAN DIE MARTELARE

## *Gebed* OP DIE VOORSTE LINIES

LEWENDE WATER IN KENIA

MIDDERNAG-PLEIDOOI IN COLOMBIË

Junie 26

"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3



# ‘N KERK, ‘N GEBED *en* ‘N WATERPUT

*As 'n Christenbekeerling uit Islam het Galgalo verwerping van sy familie en vyandigheid van sy gemeenskap trotseer. Maar toe 'n ernstige hongersnood sy Oos-Afrikaanse land getref het, het hy die geleentheid gehad om God se liefde te deel met diegene wat hom teengestaan het.*

Waar Pastor Galgalo, 49, in die sitkamer van sy huis sit, beskut teen die onderdrukkende hitte met slegs een klein waaier vir verligting, lag hy wanneer hy nadink oor die wonderbaarlike maniere wat God in sy lewe gewerk het.

“Dit bemoedig my wanneer mense my vir my getuienis vra,” het hy gesê, “want om my getuienis te deel voel asof ek vir myself preek. As ek terugkyk en sien, bemoedig ek myself.”

Galgalo het grootgeword in 'n toegewyde Moslemhuishouding in Merti, 'n klein landelike dorpie wat geleë is aan die voet van 'n plat rots in die afgeleë en dorre woestyn van noordoostelike Kenia. Terwyl Kenia 'n meerderheid-Christelike nasie is, is Merti in 'n oorwegend Moslemgebied. Die dorp self het 13 moskees, en 95% van sy bevolking van 47,000 identifiseer as Moslem.

Merti se geïsoleerde ligging en sterk Islamitiese invloed het dit moeilik gemaak om die Evangelie in hierdie gebied te bevorder, maar toe Galgalo 'n jong seun was, het 'n Italiaanse sendeling 'n Christelike skool in die dorp gestig. Aangesien Galgalo uit 'n groot Moslemfamilie gekom het (sy pa het sewe vrouens gehad, en sy ma het met ten minste drie verskillende mans getrou), het sy ouers gesukkel om in hul kinders se behoeftes te voorsien. Toe die Christelike skool 'n voedingsprogram en gratis onderwys begin aanbied, het Galgalo se ouers hom daarheen gestuur, ten spyte van die godsdienstige verskille.

"Dit is hoe ek die eerste keer van Jesus gehoor het," het Galgalo gesê.

## Verwerp, Toe Wedergebore

Soos wat hy deur die skool gevorder het, het Galgalo homself 'n Christen begin noem. Toe sy pa hom konfronteer en dreig om hom te onterf as hy Christus nie verloën nie, het Galgalo standvastig gebly.

“Hy het vir my gesê dat ek óf tot Islam bekeer, óf ophou om sy seun te wees,” het Galgalo gesê. “Ek het laasgenoemde opsie gekies. Ek het die Here gekies.”

Op daardie tydstip was Galgalo besig om voor te berei om kollege toe te gaan om 'n onderwyser te word. Sy pa se verwerping was ‘n bedreiging om sy planne omver te werp omdat hy nie kollege-onderrig kon bekostig sonder sy familie se hulp nie. Tot Galgalo se verbasing het 'n paar lede van die plaaslike Christengemeenskap gehelp om vir sy opleiding te betaal.

Met sy terugkeer na Merti, na kollege, het Moslems in die gemeenskap Galgalo gedwing om sy Christelike geloof meer ernstig op te neem. “Moslems hou daarvan om met Christene te debatteer,” het hy gesê. “Hulle is opgelei, en hulle haal die Bybel aan. Soos eenkeer toe ek die kruisbeeld van Jesus Christus gedra het, en die Moslems my omring en vir my gesê het: ‘Lees die Tien Gebooie; God wil nie hê jy moet afgode liefhê nie.’ Dus het die Moslems my aangespoor om die Bybel te bestudeer.”

Hy het sy bes probeer om God se Woord ernstig te bestudeer, en terwyl hy dit gedoen het, het hy 'n lewensveranderende ontdekking gemaak.

“Ek het besef ek het gesê ek is Christen, maar diep binne was ek nie getransformeer nie. Ek het nie die Evangelie

*“Hy het vir my gesê dat ek óf tot Islam bekeer, óf ophou om sy seun te wees. Ek het die Here gekies.”*

aanvaar nie,” het hy gesê. “Toe ek dit besef het, het ek oorgegee.”

Galgalo het voortgegaan om God se Woord te bestudeer en in sy geloof te groei. Hy het getrou, en sy vrou het ook 'n Christen geword. Hy het die Evangelie aan ander verkondig en gou begin om met ander nuwe Christene onder 'n akasiaboom te vergader. Teenstand van die plaaslike Moslemleiers het egter veroorsaak dat die klein groepie Gelowiges na Nairobi gevlug het.

## Die Moeilike Onderwyser

Galgalo is na 'n onderwyspos in 'n ander afgeleë dorpie gestuur, waar hy die eerste Christen van sy etniese groep was wat die dorpenaars ooit ontmoet het. “Dit was asof 'n aap na die mark gebring is,” het hy laggend gesê. Galgalo het uiteindelik 12 studente tot geloof in Christus gelei, en hy het na skool met hulle vergader vir gebed en Bybelstudie. Probleme het egter begin ontstaan toe leiers van die plaaslike moskee Galgalo se evangelisasie-aktiwiteite ontdek het.

Terwyl Galgalo teen middagete op 'n Vrydag langs die pad geloop het, het hy skielik 'n harde geraas gehoor. “Ek het teruggekyk en 'n groot skare in die verte gesien, almal met groot stokke,” het hy gesê. “Ek het nie geweet wat aangaan nie, so ek het net aanhou stap skool toe. Toe ek daar aankom, was daar drie mans met groot stokke wat opsoek was na Meneer Galgalo.”

Die mans het berig dat die sjeik die gemeenskap aangehits het om Galgalo dood te maak of hom uit die dorp te jaag. Net toe die skare nader aan Galgalo beweeg het, het 'n plaaslike vrou vorentoe getree.

“Hierdie man is 'n Christen (ongelowige), ons weet dit wel,” het die vrou gesê, “maar hy is hier as gevolg van ons kinders. Hy is hier om ons te onderrig in studies, so wie hom ook al aanraak, sal my eers uitdaag.” Skielik het die skare se gemoedstemming verander – ten gunste van Galgalo.

“Die Here het daardie een vrou gebruik om verandering te bring,” het Galgalo gesê. “God het my lewe daardie dag gered.”

Alhoewel die bedreiging vir Galgalo se lewe bedaar het, het ander bedreigings voortgeduur. Die spanning was so intens dat Galgalo se vrou veelvuldige swangerskappe verloor het. Na 18 maande het Galgalo gevra om terug na Merti oorgeplaas te word. Maar dit sou net nuwe uitdagings bring.

## Vestig Wortels in Merti

Galgalo het oorspronklik nie beplan om 'n kerk in sy tuisdorp te plant nie.

“Dit was nie in my plan nie. Ek het nie geweet wat 'kerkplanting' beteken nie,” het hy gesê. “Ek het maar net Christus aan die mense verkondig. Die idee om 'n kerk te plant was nie in my woordeskat nie.” Soos Galgalo sy geloof gedeel het, het mense gereageer en tot geloof in Christus gekom. Teen 2007 het die klein groepie Gelowiges wat voorheen na Nairobi gevlug het, na Merti teruggekeer. Hulle het Galgalo gevra om hul pastor te wees, en hoewel hulle hom nie 'n salaris kon aanbied nie, het hulle sy teologiese opleiding geborg. So het Galgalo dan Bybelskool bygewoon om 'n

▼ Terwyl Galgalo 'n bestaan as skoolonderwyser maak, is sy hartsbegeerte om geestelike vrug te dra deur te sien hoe lewens deur Christus verander word. ur Christus verander word.









*"Ek het vir die Here gesê: 'Die gemeenskap het ons water geweier. Maar U is die een wat riviere uit droë grond bring.'"*

Teologie-graad te verwerf.

Die kerk in Merti het gegroei, en een van die lidmate het 'n klein stukkie grond aan die kerk gegee. In 2010 het die gemeente genoeg geld ingesamel om 'n klein struktuur op die grond vir kerkbyeenkomste te bou. Die Moslemgemeenskap het begin besef dat die kerk invloed kry, en vervolging het toegeneem. Die kerk het dreigemente ontvang, en lede van die gemeenskap het klippe na die gebou gegooi wanneer die Christene bymekaargekom het. Hulle kon nie saans sonder polisiebeskerming vir gebed byeenkom nie

Galgalo het 'n swart boek begin dra om dreigemente te dokumenteer ingeval hy bewyse van aanvalle vir die polisie moes lewer. Toe SVM-werkers Galgalo die eerste keer in 2018 ontmoet het, was die boek byna vol.

Tog het die kerk gegroei, en die gemeente het besef dat hul huidige vergaderplek uiteindelik te klein sou wees om hul getalle te akkommodeer. In 2012 het hulle aansoek gedoen vir 'n nuwe stuk grond van die plaaslike regering.

"Die gemeenskapsouderlinge het gesê hierdie mense moet die grond kry, maar nie in die middel van die dorp nie," het Galgalo onthou. Hy het gesê hulle beskou Christene as te "lawaaierig" om 'n plek van aanbidding in die dorp te hê.

Die kerk is 10 akker wilde bosveld toegestaan. Die lede het die volgende jaar of wat die grond skoongemaak, en toe het hulle 'n versoek by die plaaslike regering ingedien om 'n watertoegangspunt te installeer. Hul versoek is geweier. Hulle het aanhou vra, en hulle is aanhoudend geweier. "Daar was oorlog vir sewe jaar," het Galgalo gesê. "Dit het ons baie tyd en emosies gekos."

## Riviere in die Woestyn

Galgalo en die kerk het aangehou veg vir toegang tot water, en hulle het aangehou om te vergader en op die grond te werk. Galgalo het 'n visie gehad dat die grond eendag 'n plaas sou wees om die kerk te help om meer volhoubaar te wees. Toe, in 2018, het die behoefte aan water meer dringend geword: Plaaslike Moslemleiers het enige kerklidmate verbied om die gemeenskap se watervoorraad te gebruik.

"Nou was daar geen water meer te kry nie," het Galgalo gesê. "Dus het ek gebid. 'n Baie eenvoudige, opregte gebed. Ek het vir die Here gesê: 'U weet ons het water nodig; maak vir ons water. Die gemeenskap het ons water geweier. Maar U is die een wat riviere uit droë grond bring.'"

Gou het Frontlinie-Werkers met Galgalo verbind, en die wêreldwye liggaam van Christus het die kerk in Merti gehelp om 'n waterput op hul grond te grawe. Vars, skoon water het daaruit gevloei, 'n rariteit

in hierdie deel van Afrika waar besoedeling en soutgehalte water ondrinkbaar kan maak. Voordat die water selfs vir

◀ Toe die plaaslike Moslemgemeenskap enige Christene toegang tot die gemeenskap se watervoorraad geweier het, het Galgalo gebid dat God vir hom en sy kerklidmate water sou voorsien.





▲ Met die hulp van die wêreldwye liggaam van Christus het Galgalo se kerklidmate nou toegang tot vars water. Galgalo het gesê die kerk se put het 'n geleentheid gebied om die liefde van God te verkondig aan die Moslemgemeenskap wat hulle teengestaan het.

toetsing weggestuur is, het Galgalo 'n monster daarvan huis toe geneem en 'n paar sade geplant om te sien of hulle sou groei.

"Dit was vars water. Ek het daarvoor gebid," het Galgalo gesê. "God het die gemeenskap stilgemaak, al daardie mense wat probeer het om ons aan te val en gesê het dat die kerk nie grond gegee moet word nie."

Kort nadat die put voltooi is, het 'n ernstige droogte Merti en die omliggende streek getref. Dit het die gemeenskap verwoes. Al die dorp se waterbronne het opgedroog, behalwe die kerk se put.

"Al die vlak water het opgedroog; die rivier was droog. Nou kom hulle, die gemeenskap, om water te bedel," het Galgalo gesê.

Die kerk het hul water met die gemeenskap gedeel, en nie net met die mense nie, maar ook met hul vee. Sedertdien het dinge verander tussen die kerk en die Moslem-dorpsmense van Merti.

"Ons het gedink: 'Droom ons?' Daardie mense wat ons gehaat het, ons name genoem het, hulle het nou begin om ons goeie name te gee net as gevolg van daardie water. ... In hul moskee kon hulle nie 'n koppie water kry vir hul seremoniële was nie. Nou moet hulle iemand stuur om dit van hierdie kerk te kry."

Ouderlinge van die Moslem-gemeenskap het gekom om verskoning te vra aan Galgalo vir hoe hulle hom en die kerk behandel het, iets wat hy sê skaars is in hul Moslemkultuur.

"Die put het die naam van die kerk gered," het hy gesê.

### Herderskap en Volharding

Terwyl verhoudings met die gemeenskap verbeter het, bly Galgalo steeds teenstand ervaar weens sy Christelike getuienis. Aangesien die kerk nie kan bekostig om hom as 'n pastor te betaal nie, gee hy steeds klas in die plaaslike skool om vir sy gesin te sorg. Hy is al verskeie kere oor die hoof gesien vir bevorderings, en studente wat hy eens onderrig het, is nou in leierskap bo hom, iets wat hy weet gebeur omdat hy 'n Christen is.

"Hulle wil my verneder oor my geloof," het hy gesê. "Tensy jy jou geloof verloën, sal jy nie bevorder word nie." Hy kan ook slegs bedieningsbesoeke gedurende die dag doen as gevolg van die risiko's om na donker uit te gaan. Tog bly Galgalo in Merti danksy die bemoediging wat hy van die wêreldwye liggaam van Christus ontvang het en danksy die groot aantal oorblywende onvervulde behoeftes.

"Verlede jaar het ek amper 'n breekpunt bereik," het hy gesê. "Ek het daaraan gedink om te bedank. Maar indien nie ek nie, wie anders sal gaan en hierdie mense bemoedig? As ek hierdie gemeenskap verlaat, wie anders dan? As gevolg van die rowwe pad, as gevolg van die weer, as gevolg van die fasiliteite, is niemand bereid om te kom nie. ... Al hierdie mense het gemeenskap nodig. Sommige faal ... siele vergaan. Daar is geen sendelinge nie, daar is geen evangeliste nie, daar is geen voltydse pastors nie. Dus gee ek my lewe voltyds aan die bediening van die Evangelie." ■

# **BELONINGS** vir Christelike gawes!

*"Om in die naam van Christus te gee, voorsien nie net in behoeftes nie, maar dra ook die beloning mee om tot die eer van God by te dra."*

*"Maar soos danksegginge van die ontvangers van ons gawes na God opstyg, kry ons krediet vir die bydrae tot die eer van God!"*



# LIG
# *in 'n Koninkryk van Duisternis*

*Gekonfronteer met geweld, verlies en siekte, veg 'n Colombiaanse paartjie op die beste manier wat hulle wel ken — met gebed.*

Vandat ek 'n dogtertjie was, het my ma my die krag van geloof geleer," het Isabella gesê terwyl sy vertel het oor haar grootwordjare in haar Colombiaanse huis. "Sy het altyd vir my gesê: 'Bella, vir diegene wat glo, is alles moontlik.' Ek glo dat ek vandag hier is danksy my geloof."

Isabella se geloof en oortuiging het 'n diep impak op Edgar gehad toe hulle ontmoet het en uiteindelik getrou het, en dit het die toon aangegee vir 20 jaar van hul lewe en bediening saam. Dit verg hierdie soort diep geloof om getrou en vrymoedig vir Christus te leef in die gebied van Colombia waar Edgar en Isabella woon en werk.

Die beboste valleie wes van die Andes is vrugbaar en welig en lewer ryk oeste van kakao, suikerriet, kokosneute en palmolie. Die stede langs die Stille Oseaan-kus wemel van handel en nywerheid. Maar hierdie streek lê ook binne een van Colombia se gevaarlike "rooi sones".

Binne hierdie distrikte oorheers Marxistiese rebellegroepe soos die Revolusionêre Gewapende Magte van Colombia (FARC) en ander guerrilla- en paramilitêre magte deur terreur en afpersing, dikwels befonds deur dwelmsmokkelary en ander onwettige aktiwiteite. Na jare van onderbroke gevegte teen hierdie groepe, het die Colombiaanse regering grotendeels uit hierdie gebiede onttrek, wat die verskeie paramilitêre groepe meer aktief en gewelddadig laat word. Christene in hierdie rooi sones — veral pastors en evangeliste — word dikwels gewelddadig vervolg.

*"Ek het God nodig gehad, sodat die Heilige Gees my kon bedek en my deur daardie geestelike oorlogvoering kon versterk."*

## Begin van 'n Wonderlike Avontuur

As 'n jong paartjie het Edgar en Isabella nie daarop gefokus om 'n kerk te lei nie. Hulle het 'n desperate behoefte in hul stedelike gemeenskap gesien, en hulle wou daardie behoefte aanspreek.

"Ek onthou dat ek al my klere en skoene weggegee het omdat ek verstaan het dat baie van die mense nie net Christus nodig gehad het nie; hulle het 'n pond rys nodig gehad, hulle het 'n hemp nodig gehad," het Isabella gesê. Sy was veral geraak deur die jong vroue, selfs meisies, wat tot prostitusie gereduseer is. "Hulle verkoop hulself vir 'n bord kos," het sy gesê.

Edgar en Isabella het ekstra geld eenkant gesit en dit gebruik om kos vir die hongerlyers te koop. Toe het hulle vriende en bure begin vra om dieselfde te doen. Toe Isabella se ma sterf, het 'n vriend hulle geld gegee om vir 'n vakansie te gebruik; hulle het die geld eerder gebruik om 'n gemeenskapskombuis op te rig.

Maar soos hulle fisiese behoeftes bevredig het, het hulle nie die diep geestelike honger van die mense rondom hulle vergeet nie. Isabella en Edgar het die Evangelie verkondig terwyl hulle kos en klere uitgedeel het. Een hoorder was 'n man wat 'n Christen was, maar van sy geloof afgewyk het. Edgar se bediening aan die man het hom gehelp om met die Here te versoen. Die man se volgende gedagte het Edgar onkant betrap.

"Hy het vir my gesê: 'Kom ons lei 'n selgroep in jou huis,'" het Edgar onthou. "Ek wou nie vreemdelinge in my huis hê nie, maar hy het daarop aangedring, en ek het gesê: 'REG, kom ons doen dit.'"

Vyftien mense het opgedaag vir daardie eerste klein huiskerkbyeenkoms.

"Van daar af het hierdie avontuur, hierdie wonderlike avontuur, begin," het Edgar gesê.

Soos die selgroep hul huis ontgroei het, het die paartjie 'n groter vergaderplek gevind om te huur vir die groeiende kerk. Hulle het die kerkbyeenkomste ingewy met 'n feestelike huwelikseremonie vir twee Gelowiges. Die vreugde en vrygewigheid wat kenmerke van Edgar en Isabella se bediening was, het hulle gewild gemaak in die gemeenskap, maar het ook die aandag en woede van FARC-guerrillas getrek.

Op 'n dag in 2013 het 'n guerrilla-bevelvoerder Isabella gebel.

"As jy klere gee, as jy skoene gee, as jy kos gee, as jy mense help om te trou ... as jy dit alles doen, moet jy baie geld hê," het die man vir Isabella gesê. Hy het 'n *vacuna* geëis — 'n entstof — FARC-sleng vir beskermingsgeld. Sy het geweier.

"Die dreigemente het baie progressief erger geword," het Isabella gesê. Sy het by die huis gekom en 'n opgesnyde padda op haar drumpel gevind met 'n nota wat sê sy sou dieselfde opeindig. Groepe van drie of vier FARC-guerrillas sou voor haar huis bymekaarkom om die gesin te intimideer. Een het die koeëls uit sy geweer leeggemaak en hulle een vir een in sy hand laat val. "Elkeen van hierdie gaan in jou kop ingaan," het hy vir haar gesê.

Isabella het haar man gestaan, ten spyte van hul bedreiging. "Daar is 'n koninkryk hier wat moet val," het sy vir die skurke gesê, met verwysing na hul gewelddadige saak. God het dit vir Isabella duidelik gemaak dat Sy wapen van keuse om daardie koninkryk te vernietig, gebed was.

## Oorlogvoering in die Nag

Van toe af het Isabella elke nag omstreeks middernag wakker geword. Vir drie jaar het sy die oortuiging gevoel dat sy vir ure moes bid, dikwels tot in die vroeë oggend.

"Dit was geestelike oorlogvoering," het sy gesê. In gebed en in visioene, het sy gesê, het die onsigbare geestelike wêreld vir haar sigbaar geword. "Ek het die demone gesien, ek het die groot reuse gesien, ek het die hekse gesien, die Sataniste," het sy gesê. "Ek het die opofferings gesien wat hulle gemaak het. ... Ek het God nodig gehad, sodat die Heilige Gees my kon bedek en my deur daardie geestelike oorlogvoering kon versterk."



Isabella se middernagtelike gebedstye het 'n bron van krag dwarsdeur die gemeenskap geword. Gedurende 'n week toe sy nie opgestaan het om te bid nie, het 'n buurvrou aan haar deur geklop.

"Ons het jou nie gisteraand hoor bid nie," het sy vir Isabella gesê. "Jy moet wakker word en bid, want jou gebed is wat ons inspireer om te bid."

Op 'n stadium het Isabella 'n droom gehad van 'n sterk demoon wat hul huis aanval. Sy het Edgar wakker gemaak, en hulle het vurig gebid tot 6vm. In die dowwe oggendlig het hulle buitentoe gegaan en gesien dat hul houtdak ingestort het. 'n Paar dae later het 'n vreemdeling voor hul deur verskyn. Sy het haarself as 'n Christen geïdentifiseer. Sy was ook die suster van toordokter in die buurt wat herhaaldelik probeer het om 'n sogenaamde vloek oor Edgar en Isabella uit te spreek. Die vreemdeling het Isabella meegedeel dat haar broer twee dae tevore gesterf het – die nag van die demoonaanval.

"Waarom kom jy na my toe om my dit vertel?" het Isabella die vrou gevra.

"Omdat daar bewyse moet wees dat die duisternis nie teen die lig kan wen nie," het die vrou geantwoord.

Maar die duisternis het 'n stryd gevoer. FARC-guerrillas het voortgegaan om die paartjie te teister en te dreig, veral met Isabella as teiken. Een man het in hul huis ingebreek en vir Isabella gesê hy sou haar seksueel aanrand en doodmaak, maar 'n buurman het hom opgemerk en om afgeskrik. Ander het haar verbied om in sekere gebiede van die dorp te preek. Hulle het begin om plaaslike kinders, wat sy liefgehad en in dissipelskap opgelei het, met geweld in hul geledere te werf.

Isabella het gehuil toe sy een van hierdie kinders onthou het, 'n 13-jarige seun genaamd Calvin wat betrap is terwyl hy die Bybel gelees het wat sy vir hom gegee het. Die guerrillas het hom gedwing om op die dak van Isabella en Edgar se huis te klim en hom doodgeskiet omdat hy geweier het om by hulle aan te sluit.

"Dit het my eintlik meer gedryf," het Isabella gesê. "Ek sal nie opgee nie; ek sal nie stilbly nie. Ek sal aanhou om die Evangelie te verkondig."

Hierdie vasberadenheid het die guerrillas se teenkanting vererger. Die plaaslike dwelmhandel is beïnvloed; vrywillige werwing in die guerrillagroep het afgeneem; jong vroue het nie gewillig tot prostitusie toegetree nie.

"Hulle het gesê: 'Jy is die oorsaak hiervan, jy en jou man,'" het Isabella gesê. "Agt gewapende mense het na ons huis gekom ... om ons dood te maak." Maar in gebed het Isabella gehoor hoe die Here vir haar sê om hulle twee opsies te bied. Sy het die hand van die leier van die gewapende moordenaars geneem en gesê: "Die Here sê hierdie vir jou: Bekeer jou van wat jy doen of jy sal sterf. Maar hoor God: God is lief vir jou!" Toe het sy vir elkeen van die agt mans 'n Bybel gegee. Dit was die begin van 'n swak wapenstilstand.

Maar toe kom daar nog 'n eis vir *vacuna* van die guerrillagroep, en sy het dit geweier. Sy wou nie weggaan nie, veral nie met twee klein kinders, waarvan een 'n premature pasgeborene was. Maar om 2vm. het sy die



▲ Isabella, hier afgeneem by 'n konferensie vir Christelike werkers in Colombia se rooi sones, het gesê gebed was fundamenteel in haar gesin se lewe en bediening.

bekende aansporing gevoel om uit die bed te klim en te bid, en die Here het haar saggies gesê dit was tyd om te vertrek.

Edgar wou nie die huis verlaat wat hy met sy eie hande gebou het of die kerk wat hulle begin het nie, maar hy het uiteindelik toegegee. Met 'n gewapende polisiewag, 'n groot vragmotor en 'n gehuurde helper het Edgar sy eie huis afgebreek, deure, dakmateriaal, pype en wat ook al hy kon red om weer 'n nuwe huis mee te bou.

In hul tydelike kwartiere het Edgar en Isabella hergroepeer en die Here om leiding gevra. "Ons het tot die Here gebid," het Edgar gesê, "en ek het hierdie woorde gesê, ek onthou: 'Ek het verloor wat ek het, maar hulle neem nie my geloof of my begeerte om U te dien nie, Here.'"

Edgar en Isabella het tot die gevolgtrekking gekom dat, terwyl hulle verder moes woon, hulle sou voortgaan om die kerk te dien wat hulle in die hartjie van die stad geplant het. Herhaaldelik het hulle die Here se beskerming ervaar terwyl hulle voortgegaan het om te dien. Maar nadat hulle 'n nuwe huis gebou het en dit van hulle af weggeneem is, was hulle verpletter. Isabella en die kinders het ook moeilike gesondheidsprobleme gehad. Die paartjie het gesukkel om te weet wat die Here in hul lewens doen.

Uiteindelik het Isabella 'n nuwe huis gevind om te huur

*"Jy moet wakker word en bid, want jou gebed is wat ons inspireer om te bid."*

in 'n woonbuurt wat "soos Sodom was." Sy het die Here se doel bevraagteken oor hoekom Hy hulle na so 'n donker en desperate plek gelei het. Toe het sy 'n visioen gehad van 'n sterk reus wat op 'n troon sit, en sy het God gevra wie dit was. Die Here het vir haar gesê dit was die bose mag wat die gebied beheer het.

"Jy moet hom plat slaan," het die Here vir Isabella in die visioen gesê.

"God, hoe slaan ek hom plat?" het sy gevra. "Hy is so groot, en ek is so klein."

"Ek sal jou help," het die Here gesê. Daarmee het Isabella wakker geword, vol oortuiging wat die rede was dat hulle na daardie woonbuurt moes trek. Vir 'n volle jaar het Isabella elke oggend om 3:00 wakker geword om vir die gemeenskap te bid. Aan die einde van daardie jaar het sy van die oggend tot die aand in die strate begin preek.

## Vrede in die Pyn

Toe die coronavirus-pandemie in 2020 begin het, het Edgar getwyfel of sy vrou, verswak deur voortdurende siekte, haar gesondheid met haar openbare bediening moes waag. Aanvanklik het hy haar gevra om nie meer uit te gaan nie, en sy het ingestem.

Toe, eendag, het 'n Christenvrou van 'n verafgeleë stad in die middel van die nag by hul huis opgedaag en vir Isabella gesê: "Die Here sê vir jou dat jy moet uitgaan en die Evangelie moet verkondig. ... Hy gaan met jou wees." Edgar was nie oortuig nie, dus het Isabella aangehou bid. 'n Paar dae later het 'n ander vrou dieselfde boodskap gebring. Edgar het weer nee gesê. Toe daag 'n nie-Christelike buurvrou op.

"Ek het God gehoor! Ek het God gehoor!" het sy geskree. "God het gesê gaan uit en preek. God sal jou bewaar. Niks sal met jou gebeur nie!"

Edgar het 'n innerlike stryd gevoer, onseker of hy self in die bediening moes bly en onwillig om die risiko te loop om sy vrou te verloor. Maar stadig het Isabella weer met bedieningswerk begin. Sy het spoedig meer as 200 mense vir opelug-eredienste, vier dae per week, bymekaargemaak en sy het begin om gebedsbediening onder mishandelde en kwesbare vroue te doen — 'n bediening wat tot vandag toe voortduur. Edgar kon nie stry met die vrugte wat hy gesien het nie.

"Daardie plek het 'n plek van vrede geword," het Edgar oor die buurt wat hulle eens as Sodom beskou het, gesê. "Hulle het die Woord ontvang. Die kerk was lewendig!"

Hulle het gesê die gemeenskap het dramaties verander, met dwelmverkope en prostitusie wat vinnig afgeneem het. Die guerrillas se invloed het afgeneem namate hul leiers een vir een deur Colombiaanse owerhede of mededingende groepe in hegtenis geneem of doodgemaak is.

Mense het geweet dat Isabella 'n vrou van gebed en oortuiging was, en die FARC-leiers het tot die gevolgtrekking gekom dat die skade wat aan hul organisasie aangerig is, haar skuld was. Hulle het haar as 'n heks beskou, en sy was weer die teiken van vergelding.

Intussen het 'n tragedie Isabella se familie getref. Haar swaer, 'n lae-vlak FARC-dwelmverspreider, het haar jonger suster sewe keer geskiet en haar doodgemaak weens 'n misverstand. Isabella het daarheen gehardloop om by haar familie te wees. Toe haar swaer haar sien, het hy haar blameer vir sy dalende inkomste. Met 'n geweer in die hand het hy haar na die straat voor haar suster se huis gesleep.

"Vervloekte vrou, ek gaan jou doodmaak!" het hy geskree. "Sedert jy hier aangekom het, het alles ineengestort. Sedert jy hier aangekom het, het jy ons mag oorgeneem." Hy het die geweer teen Isabella se nek afgevuur. Daar was 'n plofgeluid, maar sy was wonderbaarlik ongedeerd. Isabella het haar oë toegemaak en haar lewe aan die Here se hande oorgegee terwyl haar swaer die geweer nagegaan en die loop in haar oor gesit het. Toe hy die sneller trek, het dieselfde ding gebeur: geraas, maar geen koeël nie. Hy het 'n derde keer probeer met dieselfde resultaat. Uiteindelik het Isabella losgekom en 'n buurvrou het haar swaer gegryp om sy aanval te stop.

Die volgende dag, toe Isabella en Edgar formele klagte teen die swaer ingedien het, het FARC-guerrillas nog 'n boodskap gestuur, hierdie keer aan die paartjie se verhuurder, wat hulle beveel het om op te pak en te vertrek.

Die trauma van die poging tot moord en die daaropvolgende uitsetting het Isabella nie stilgemaak of hul gesin se bediening gestaak nie. Hulle het 'n nuwe tuiste gevind en voortgegaan. Isabella se besondere sorg vir vroue in kwesbare situasies het haar gelei om 'n spesiale bediening te begin om hulle te dien en hulle te help om hulpbronne te

▼ Colombië se platteland, wat in baie gebiede welig en vrugbaar is, ondersteun nie net gewasse soos kakao, koffie en palmolie nie, maar ook koka om die dwelmhandel aan te dryf. Guerrillagroepe veg vir beheer oor die streek se dwelmhandel.





▲ Edgar, Isabella en hulle familie gaan voort met Evangeliewerk op die voorste linies te midde van voortdurende bedreigings. “Dit is 'n voorreg om deur God geroep te word,” het Edgar gesê.

vind. Hulle is ook genooi om godsdiensperiodes in plaaslike skole te begin lei.

“Ek weet daardie ou wou vir my sê om op te hou om hierdie siele na Christus te lei, maar vir my is dit duidelik,” het Isabella gesê en bygevoeg dat sy daartoe verbind was om God se wil ten alle koste te volg.


Edgar se oortuiging was eweneens kristalhelder. “Hoe kan ons ophou?” het hy gesê. “Regtig, God het reeds geantwoord. In die pandemie het Hy vir my gesê: ‘Ek het jou geroep’ – nie hoorbaar nie, maar met die bewyse. Elke keer as 'n siel Christus ontvang, elke keer as 'n tuiste herstel word, weet ek dat ... dit God was wat ons geroep het. ... God het my geroep, en selfs deur die pyn, selfs deur die toetse waardeur ons gegaan het, is dit 'n voorreg om deur God geroep te word.” ■


## *Perpetua - Amy Rachel Petersen*

Perpetua is 'n historiese roman gebaseer op die werklike lewe en dood van 'n jong Romeinse edelvrou. Perpetua is in 203 n.C. in die amfiteater van Kartago gemartel, maar het 'n dagboek gehou van haar arrestasie en tyd in die tronk. Terwyl baie martelare arm of ongeletterd was, was Perpetua nie een van die twee nie. 'n Nuwe moeder, 'n edelvrou, ryk, hoogs geleerd... het sy baie gehad om te verloor, en sy het gekies om dit alles prys te gee vir die voorreg om vir Jesus te sterf.

***GRATIS Perpetua Roman met enige donasie van R500 of meer teen 30 Junie 2026 (beperkte aantal boeke beskikbaar*)***

Stuur asseblief bewys van betaling na bianca@vomsa.org
Verw: Jou Naam/Selfoonnommer
Bankbesonderhede: **Nedbank**
Rekeningnr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505





# Day of the Christian Martyr 2026

## *Perpetua*

### 'N DAPPER EN GETROUE GETUIE IN LEWE EN DOOD

***"Day of the Christian Martyr"*** is 'n spesiale tyd wanneer Christene diegene onthou wat hul lewens gegee het vir die bevordering van die Evangelie. Hierdie maand hoop ons dat u geinspireer sal word deur hul getroue getuienis, en u daartoe verbind om Christus vrymoedig in u eie gemeenskap te deel.



**29 Junie 2026**

## MANIERE OM BETROKKE TE RAAK

- **Kyk** na die kort video met die storie van Perpetua, wat in 'n Romeinse Kolosseum deur 'n swaardvegter doodgemaak is toe sy geweier het om haar geloof prys te gee.
- **Bemoedig** ander om dapper getuies te wees. Nooi jou familie, groep, klas of kerk om SVM se gratis hulpbronne te gebruik vir groei in hul toewyding aan Christus en Sy Groot Opdrag.
- **Gaan dieper** in jou geloof. Bestel bykomende hulpbronne wat inspirerende stories bied van diegene wat alles gegee het vir hul getuienis van Christus.

Besoek **persecutionsa.org/martyr** om ons nuwe video oor Perpetua te kyk en gratis hulpbronne af te laai.

# Gebedsdagboek

## Junie 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| M | 1. | Malawi | Loof God dat sy Heilige Gees baie tradisionele Moslem Yao tot geloof in Christus gebring het. |
| D | 2. | Burundi | Gebruik Handelinge 4:29 as 'n riglyn om te bid dat Burundiese evangeliste dapper sal bly midde van vervolging. |
| W | 3. | Noord-Korea | Bid vir die bemoediging van Noord-Koreaanse Christene wat in Suid-Korea woon, geskei van hul geliefdes. |
| D | 4. | Broenei | Bid dat Broeneise Christene geleenthede sal aangryp om die Evangelie in hul daaglikse verhoudings te verkondig. |
| V | 5. | Turkmenistan | Bybels in die plaaslike taal is onwettig. Bid dat Christene maniere sal vind om toegang tot God se Woord te verkry. |
| **S** | 6. | Ethiopië | Bid dat Christene wie se kerkgeboue deur Islamiete afgebrand is, nuwe plekke sal vind om te aanbid. |
| **S** | 7. | Kuba | Bid vir Pastor Dizzis Ramos en ander wat gevange geneem en geteister word op valse kriminele aanklagte. |
| M | 8. | Kameroen | Bid dat aanvalle deur Boko Haram en ander ekstremistegroepe sal ophou. |
| D | 9. | Bahrein | Bid dat Bahreiners ontvanklik sal bly vir die Evangelie. |
| W | 10. | Azerbeidjan | Bid dat kerke die regering se pogings om hulle te monitor, te beheer of te sluit, sal weerstaan. |
| D | 11. | Kuba | Loof God vir volgehoue kerkgroei en dope ondanks regeringsdruk en dreigemente. |
| V | 12. | Koeweit | Dank God vir Koeweit se kerkfasiliteite vir uitgeweke Christene. Bid vir meer bedieningsgeleenthede. |
| **S** | 13. | Laos | Bid die seëninge van Psalm 103 vir ons Laosiaanse broers en susters in Christus wat trotseer. |
| **S** | 14. | Kenia | Gebruik Johannes 14:27 as 'n riglyn en bid dat Christene in Moslem-meerderheidsgebiede die vrede van Christus sal ervaar. |
| M | 15. | Togo | Bid vir Christene wat bedreig word deur oorgrens-klopjagte van militante Fulani Moslems. |
| D | 16. | Egipte | Bid vir die geestelike en emosionele genesing van Christene wat weens hul geloof ontvoer en gemartel is. |
| W | 17. | VAE* | Loof God vir Christenwerkers wat die Evangelie aan Emirate en buitelandse werkers van beperkte nasies verkondig. |
| D | 18. | Filippyne | Bid vir die vrede en beskerming van Christene op die eiland Mindanao, waar Islamitiese groepe aktief is. |
| V | 19. | Israel | Bid vir Jode en Moslems wat tot geloof in Christus kom ten spyte van hul godsdienste se teenkanting teen die Christendom. |
| **S** | 20. | Nigerië | Gebruik Jesaja 2:4 as 'n riglyn en bid dat Islamitiese militante in Nigerië hul wapens sal neerlê en hulle tot Christus sal bekeer. |
| **S** | 21. | Tunisië | Bid vir evangeliste wat die Evangelie met vrymoedigheid aan Moslems verkondig, ten spyte van die verbod. |
| M | 22. | Jemen | Prys God vir die baie voormalige Moslems wat Christus leer ken het. |
| D | 23. | Pakistan | Bid vir Christelike gemeenskappe wat aangeval is as gevolg van valse godslastering-aantygings. |
| W | 24. | Oesbekistan | Bid dat die regering voortgesette hervormings sal deurvoer om godsdiensvryheid te verhoog. |
| D | 25. | Turkye | Bid vir Mustafa en Basak, twee tieners wat deur hul Moslemfamilies verwerp is omdat hulle Christus volg. |
| V | 26. | Maledive | Bid dat die Bybel volledig in Dhivehi, die hooftaal van die Maledive, vertaal sal word. |
| **S** | 27. | DRK** | Gebruik Psalm 23 as 'n riglyn en bid dat Kongolese Christene die sorg en vertroosting van die Goeie Herder sal ervaar. |
| **S** | 28. | Indonesië | Bid dat Kila emosioneel en geestelik herstel sal word na 'n terroriste-aanval op sy dorp. |
| M | 29. | Jordanië | Slegs 2% van Jordaniërs is Christene. Bid dat hulle die meeste van geleenthede sal maak om te getuig en kerke te plant. |
| D | 30. | Oman | Bid dat Omaanse Christene gemeenskap sal kan hê sonder dat die regering dit ontdek. |

*VERENIGDE ARABIESE EMIRATE
**DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO

Christilike Sending Internationaal - Die Stem van die Martelare, Suid-Africa.

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)
E-pos: **cmi@vomsa.org/bianca@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** |
**Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir; Mnr D. Kirton**

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

# Staan saam met Vervolgde Christene




Dien vervolgde Christene in vyandige gebiede en beperkte nasies en wees 'n stem vir hulle. Jou geskenk verleen aandag aan alle bedieningsbehoeftes, insluitend die onmiddellike behoeftes van ons vervolgde broers en susters, terwyl hulle Christene regoor die wêreld in nouer gemeenskap met die vervolgdes en tot 'n dieper toewyding aan Christus roep.

*Oorweeg asseblief om 'n skenking in enige van die volgende bankrekeninge te maak:*

**Bankbesonderhede:** Christelike Sending Internasionaal

| **Nedbank** | **Standard Bank** | **ABSA Bank** |
|---|---|---|
| Rek nr.: 1925-024946 (Tjek) | Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek) | Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar) |
| Takkode: 192505 (Bedfordview) | Takkode: 018305 (Bedford Gardens) | Takkode: 632005 (Bedford Centre) |
| Verw.: U Naam en Selnommer | Verw.: U Naam en Selnommer | Verw.: U Naam en Selnommer |

# Gebedsondersteuning en Inligtingsbronne:




**Laai ons GRATIS "VOM App" op u Slimfoon af.**

Tik "Voice of the Martyrs" in die soekveld in op *Google Play* of op die *App Store.*

Daaglikse herinnerings om vir die vervolgdes te bid, navorsing te doen op Vyandige of Beperkte lande en die werk wat SVM daar doen; skakel in by *VOMRadio* plus nog vele, vele meer.

VOM App

Download on the App Store

ANDROID APP ON Google play

"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3

Lid van die *International Christian Association (ICA)*

*Follow us:*

www.persecutionsa.org

Facebook@cmivomsa | Instagram@vom_south_africa